


PETRUSREEKS

DEUR JESUS ONTVANG ONS 'N SPLINTERNUWE IDENTITEIT

1Pe 2:4-12 Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. (5) Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterschap te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is. (6) Daarom staan daar in die Skrif: "Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie." (7) Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: "Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword" (8) en: "n klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp." Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem. (9) Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterschap, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. (10) Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys. (11) Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe. (12) Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.

Deur Jesus ontvang ons 'n splinternuwe identiteit

- 1 'n Nuwe hoeksteen/basis: *Jesus*
- 2 'n Nuwe woonplek van God: *Gemeente (ons)*
- 3 'n Nuwe taak: *ons almal God se priesters*
(ons bring geestelike offers)



SAAM-PRAAT-VRAE:

- 1 Wat in hierdie gedeelte raak jou hart ?
- 2 Gesels oor die belangrike woorde: *Kom na Hom toe*. Waarom is hierdie woorde so belangrik?
- 3 Watter bemoediging hou vers 6 vir ons in?
- 4 Wanneer ons na Jesus toe kom word ons as *geestelik huis* gebou. Waarna verwys dit? Wat sê dit van ons as gemeente....oor ons nuwe identiteit?
- 5 Wat word gesê van mense wat nie na Jesus toe kom nie? Vgl vs 8
- 6 Vs 5 en 9 praat van ons nuwe identiteit as *priesters* en ons *nuwe taak* nl ons bring nou geestelike offers. Watter geestelike offers bring ons aan God? (gesels oor voorbeelde)
- 7 Waarom sê Petrus dat ons offers nou welgevallig aan God is deur Jesus? (vs 5)